

19 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Kolossense 1:3-14
Fokusgedeelte: Kolossense 1:12

Dankbaar vir die verandering in jou lewe

'n Werknemer neem nie graag iemand in diens wat nie bekwaam is om 'n pos te vul nie. God tree egter anders op. Hy het mense wat in die duisternis in Kolosse was en nie geskik vir sy koninkryk was nie, gekies en hulle toe geskik gemaak om burgers van sy koninkryk te wees. Hy het hulle onbekwaamheid so verander dat hulle selfs sy kinders geword het, mede-erfgename van sy eie Seun. Dit het Hy gedoen deur geloof in hulle harte te werk toe hulle die evangelie gehoor het. Toe het hulle daar in Klein-Asië deel gekry aan die erfdeel wat God vir sy volk bewaar het, soos die Israeliete vroeër elkeen 'n deel van die Beloofde Land gekry het.

Ons – veral ons wat in gelowige huise grootgeword het – vergeet so maklik dat as God nie in ons lewens ingegryp het om ons te verander en vir sy koninkryk bekwaam te maak nie, sou ons verlore gewees het. Wanneer ons dit vergeet, brand ons harte nie meer van dankbaarheid vir God se genade nie. Ons geloofsluwe taan.

Dankbaarheid vir die verandering en verdieping wat God in ons lewens bring, vuur 'n gesonde geloofsluwe aan. Selfs al het Paulus in die tronk gesit (Kol. 4:10, 18), was sy gemoed vol dankbaarheid. Hy verwys ses keer in dié brief van hom na dankbaarheid (Kol. 1:3, 12; 2:7; 3:15-17 en 4:2).

Wanneer ons raaksien watter veranderinge God in ons lewens bewerk het, sodat ons nou deel het aan sy erfdeel, kan ons nie anders as om diep dankbaar te wees ten spyte van ons omstandighede wat nie altyd maklik is nie. Ons kan dankbaar wees, omdat ons wat onbekwaam is, deur ons Here Jesus Christus aan sy koninkryk deel gekry het. Dit is vir ons genoeg, want Hy is 'n Koning wat sy onderdane liefhet en versorg.

Sing: Psalm 116-1:1, 7, 10

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)